


RUIKSAKKIES






DIAGRAM VIR RAND VAN RONDE SAKKIE




DIAGRAM VIR HOER MET TWEË STRIKKE




DIAGRAM VIR RAND VAN LANGWERPIGE SAKKIE



BENODIGDHEDE: Vir al drie sakkies: Oorskietlappies van fyn linne of katoen, geblom of effe; bypassende linte en naagaring om some in te werk; DMC-hekelgaring Nr. 30, die hoeveelheid hang af van die aantal sakkies wat gemaak word; hekelpen van 1,00 mm

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; vlg - volgende; lb - langbeen; dsl - dubbelslagsteek; driesl - drieslagsteek; hlb - halflangbeen; st(e) - steek (steke); tr - trossie (= soveel onafgewerkte lb, *dsl of driesl as genoem word, saam deurgetrek); herh - herhaal; p - picot (= 3 ks, 1 kb in 1e van die ks); sp(s) - spasie (spasies); grh - garing rondom hekelpen; ls(e) - lus(lusse).

LANGWERPIGE SAKKIE:

Knip 'n reghoekige of vierkantige stuk materiaal van verlangde grootte, stik dit om 'n sakkie te vorm en soom borand om.

Hekel nou sierrand aan soos volg:

1e rondte: Met DMC en hekelpen hekel 1 rondte kb.

2e rondte: *(1 lb, 1 ks, 1 lb) in vlg kb; 2 ks, slaan 4 ste oor*; herh van * tot * rondom.

3e rondte: (1 lb, 4 ks, 2 onafgewerkte lb) in 1-ks-sp, *2 onafgewerkte lb in vlg 1-ks-sp, grh en trek deur al vier lse; 4 ks, 2 onafgewerkte lb in dieselfde 1-ks-sp; herh van * rondom, eindig laaste herh met 4 ks, 1 lb in dieselfde 1-ks-sp as 1e lb van rondte, en gs in bopunt van 1e lb.

4e rondte: *Hekel 7 kb in 1e sp, 1 kb in bopunt van 4-lb-groep; herh rondom. Knip garing af en werk netjies af.

RONDE SAKKIE: Knip 2 ronde stukke materiaal wat ewe groot is (A en B). Sit 'n smal soompie in elkeen. Hekel 1 ry kb rondom elke sirkel. Plaas die 2 sirkels met regte kante aan buitekant op mekaar en hekel rondom ongeveer twee derdes van omtrek met kb deur ste van A en B om dit aanmekaar te werk.

Hekel voort oor slegs B tot rondte voltooi is.

3e rondte: *1 kb, 5 ks, slaan 3 kb oor; herh van * rondom.

4e rondte: *(1 kb, 1 hlb, 2 lb, 1 p, 2 lb, 1 hlb, 1 kb) in vlg sp; (3 kb, 1 p, 3 kb) in daaropvlg sp; herh van * rondom; knip garing af.

Hekel 'n geskulpte koordjie: *4 ks, 2 onafgewerkte lb in 1e ks, grh en trek deur al die lusse; herh tot benodigde lengte verkry is. Werk uiteindes van dié koordjie aan weerskante van opening vas, slaan los flap terug en vul met potpourri.

HOER MET TWEË STRIKKE:

Knip 'n vierkantige stuk materiaal en sit 'n soom om die 4 kante in. Hekel 1 ry kb rondom vierkant.

Hekel dan aan 2 teenoorgestelde kante 2 rye kb elk.

4e ry: 1 kb, *3 ks, slaan 2 ste oor, een 3-driesl-tr in vlg st, 1 ks, 1 picot, 1 ks, een 3-driesl-tr in vlg st, 3 ks, slaan 2 ste oor, 3 kb*; herh van * tot * tot einde van ry.

Plaas potpourri in middel en rol vierkantige lap op, bind vas met twee strikke soos op foto.